

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR HARDOPLEES: HUISTAAL (GRAAD 10 - 12)

LU 1 EN 2	Kode 7 (Uitmuntend)	Kode 6 (Verdienstelik)	Kode 5 (Beduidend)	Kode 4 (Voldoende)	Kode 3 (Matige)	Kode 2 (Basies)	Kode 1 (Ontoereikend)
<p>Toon 'n begrip van die teks en dra betekenis oor aan die gehoor.</p>	<p>Leser toon 'n uitstekende begrip en interpretasie van teks.</p> <p>Gehoor se reaksie toon groot mate van belangstelling en betrokkenheid by teks.</p>	<p>Leser verstaan teks ten volle en interpretasie is baie goed.</p> <p>Gehoor se reaksie toon groot mate van belangstelling en betrokkenheid by teks.</p>	<p>Leser verstaan teks en interpretasie is baie goed.</p> <p>Gehoor se reaksie toon belangstelling en betrokkenheid by teks.</p>	<p>Redelike interpretasie van teks. Daartoe in staat om betekenis aan gehoor oor te dra.</p> <p>Meeste van gehoor belangstelling by teks.</p>	<p>Leser interpreteer teks goed genoeg dat geringe betekenis aan gehoor oorgedra word.</p> <p>Min lede van gehoor toon belangstelling by teks.</p>	<p>Geringe bewys van teks interpretasie, betekenis word nie aan gehoor oorgedra nie.</p> <p>Leser slaag nie daarin om meeste van gehoor se belangstelling te behou nie.</p>	<p>Leser toon baie geringe begrip van teks en kan nie met gehoor kommunikeer nie.</p> <p>Baie min lede van gehoor toon belangstelling en omtrent geen kommunikasie nie.</p>
<p>Gebruik stem- en leesvaardighede</p>	<p>Vlot, baie onderhoudende en verklarende lees van teks. Lees ekspressief en skep atmosfeer - dra gevoel van teks uitstaande oor. .</p> <p>Betekenis word duidelik deur uitstekende gebruik van frasering, pouses en stemtoon oorgedra.</p> <p>Tempo pas by leesstuk en leser is in staat om dit by vereistes van leesstuk aan te pas.</p> <p>Uitstekende stemprojeksie en uitspraak wat betekenis versterk.</p>	<p>Vlot lees van teks, poging om verklarend te lees. Lees ekspressief en skep atmosfeer - dra gevoel van teks oor.</p> <p>Baie goeie gebruik van frasering, pouses en stemtoon wat betekenis versterk.</p> <p>Slaag deurgaans daarin om tempo vir effek te varieer.</p> <p>Baie goeie stemprojeksie en uitspraak wat betekenis versterk.</p>	<p>Lees vlot, probeer om verklarend te lees. Lees ekspressief en probeer om atmosfeer te skep - dra gevoel van teks oor.</p> <p>Goeie gebruik van frasering, pouses en stemtoon wat betekenis versterk.</p> <p>Slaag meestal daarin om tempo vir effek te varieer.</p> <p>Goeie stemprojeksie en uitspraak wat betekenis versterk.</p>	<p>Lees redelik vlot, maar nie met die nodige gevoel nie.</p> <p>Gebruik van frasering, pouses en stemtoon wat betekenis versterk.</p> <p>Lees soms te vinnig, pogings word aangewend om leesspoed af te wissel.</p> <p>Lees is duidelik en hoorbaar en uitspraak versterk betekenis.</p>	<p>Lees vlot, maar nie met genoeg gevoel nie.</p> <p>Pogings om frasering, pouses en stemtoon te gebruik om betekenis te versterk..</p> <p>Lees soms te vinnig, maar min word gedoen om leesspoed af te wissel.</p> <p>Lees is duidelik en uitspraak verander nie betekenis nie.</p>	<p>Lees nie vlot nie, maar betekenis word oorgedra.</p> <p>Swak frasering en onnatuurlike stemtoon beïnvloed betekenis.</p> <p>Tempo te vinnig of te stadig.</p> <p>Lees is nie altyd hoorbaar nie en baie woorde word verkeerd uitgespreek.</p>	<p>Stotterende lees, te swak om ekspressief te wees, betekenis verlore.</p> <p>Geen poging word aangewend om frasering, en stemtoon te verbeter nie.</p> <p>Lees gewoonlik baie stadig.</p> <p>Swak uitspraak en aanbieding maak aanbieding amper onverstaanbaar.</p>
<p>Gebruik van gebare, lyftaal en gesigsuitdrukking.</p>	<p>Uitstekende en gepaste oogkontak.</p> <p>Gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal word baie effektief en gepas gebruik om betekenis te versterk.</p>	<p>Baie goeie oogkontak.</p> <p>Gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal word effektief gebruik om betekenis te versterk .</p>	<p>Goeie oogkontak.</p> <p>Gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal word korrek gebruik om betekenis te versterk</p>	<p>Suksesvolle pogings om oogkontak te maak.</p> <p>Gepaste gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal versterk betekenis.</p>	<p>Oogkontak doelmatig.</p> <p>Gepaste gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal word soms gebruik .</p>	<p>Oogkontak is onsuksesvol.</p> <p>Baie min nuttige gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal word gebruik. Tekens van senuweeagtige gebare.</p>	<p>Omtrent geen oogkontak</p> <p>Sturende gebare en ontoepaslike lyftaal. Baie senuweeagtig.</p>
<p>Reaksie op vrae deur gehoor en kritiese interpretasie van die teks.</p>	<p>Hanteer vrae met groot gemak.</p>	<p>Hanteer vrae met vertroue en toon insig tydens die beantwoording van vrae oor die teks.</p>	<p>Hanteer vrae en toon insig tydens die beantwoording van vrae oor die teks.</p>	<p>Verstaan en beantwoord vrae deur gehoor oor teks.</p>	<p>Verstaan en beantwoord vrae deur gehoor oor teks. Gee meestal geskikte antwoorde.</p>	<p>Verkeerde interpretasie van vrae deur gehoor. Is soms nie daartoe in staat vrae oor teks te beantwoord nie.</p>	<p>Is meestal nie daartoe in staat om vrae deur gehoor oor teks te beantwoord nie.</p>

	<p>Reaksie op vroe toon insig, sensitiviteit en 'n kritiese reaksie op teks en verwante kwessies.</p> <p>Houding en eie opinie word met vertroue verantwoord en gehandhaaf.</p>	<p>Reaksie toon insig en 'n kritiese reaksie op teks en verwante kwessies.</p> <p>Opinie goed verantwoord en gehandhaaf.</p>	<p>Reaksie toon grootliks insig en 'n kritiese reaksie op teks en verwante kwessies.</p> <p>Daartoe in staat om opinie te verantwoord en te handhaaf.</p>	<p>Vroe toon meestal insig, en n kritiese reaksie op teks en verwante kwessies.</p> <p>Eie opinie met redelike vertroue gehandhaaf.</p>	<p>Toon soms vermoë om krities op teks te reageer.</p> <p>Soms 'n geskikte interpretasie van eie opinie.</p>	<p>Geringe kritiese reaksie op teks.</p> <p>Onvermoë om opinies te staaf.</p>	<p>Geen kritiese reaksie op teks.</p> <p>Huiwer om eie opinie te gee.</p>
<p>Keuse van teks en voorbereiding. (keuse slegs van toepassing wanneer leerder eie teks vir voorbereide lees kies).</p>	<p>Ongewone en treffende teks wat 'n sterk aanslag op gehoor maak.</p> <p>Leser is baie goed voorberei en het selfvertroue.</p>	<p>Baie interessante teks wat 'n sterk aanslag op gehoor maak.</p> <p>Leser is goed voorberei en lees met selfvertroue.</p>	<p>Interessante teks wat 'n sterk aanslag op gehoor maak.</p> <p>Leser is voorberei en lees met selfvertroue.</p>	<p>Redelike interessante teks wat belangstelling van gehoor hou.</p> <p>Leser is bekend met teks en is voorbereid.</p>	<p>Teks kan belanstelling van sommige lede van gehoor hou.</p> <p>Leser is redelik voorbereid. Lees met taamlike selfvertroue. Tekens van senuweeagtigheid.</p>	<p>Willekeurige keuse van teks wat van min belang is vir gehoor.</p> <p>Leser mag teks kan lees, maar is nie voorbereid vir die aanbieding daarvan nie. Ooglopend senuweeagtig.</p>	<p>Baie vervelig of gebruik 'n onvanpaste teks.</p> <p>Geen bewys van voorbereiding nie. Is baie senuweeagtig en is nie gemotiveerd nie.</p>

